

Die Vrydag waarop Jesus gekruisig is

Markus 14:53-15:41

Die Vrydagoggend vroeg het Jesus se verhoor begin. Daarna is Hy gemartel en gekruisig en later die middag is Hy dood en kort voor die Sabbat is Hy begrawe. Dit word alles vir ons beskryf in Markus 14:53 –15:41

Deel van Jesus se marteling, was die bespotting waarvan ons in Markus 15:16-20 lees.

Hierdie bespotting het daarvan getuig dat die mens Hom nie erken het vir wie Hy is nie. In plaas daarvan dat Hy verheerlik moes word as die Almagtige, is Hy verneder en 'n bespotting van gemaak.

Dit laat mens wonder hoekom hulle soveel satisfaksie daaruit kon of wou kry. Sou dit wees dat hulle daardeur wou wys dat hulle in beheer is of dalk wou wys dat hulle mag oor Hom het. Ja, oor die Een wat wonderwerke gedoen het?

Wanneer ons mense spot of verneder, is die motief daaragter gewoonlik om hulle te verkleineer. Deur ander te verkleineer, maak ons onself groot om so ons eie waardigheid te bewys. Ons breek ander af in 'n poging om onself goed te laat lyk.

Dit is ook waarom ons so graag terug seermaak. Ons moet darem wys dat ons nie sommer op getrap kan word nie!

So, wanneer ons ander verneder en seermaak, is dit eintlik 'n bewys van ons eie onsekerheid. Dit is alles pogings om ons waardigheid te bewys. Daarom leer Paulus:

“n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra.” (2 Tim. 2:24)

Kan jy onreg dra?

Dit is nie so maklik om ander se onreg teen jou te verdra nie. So, hoe kry ons dit reg om onreg te kan dra?

Die antwoord lê in die kruis van Christus!!!!

Ons is nie waardig nie. Ons is vol sonde en tog het Jesus nie gekom om ons te veroordeel nie, maar om ons te red. Hy het ons onreg aan die kruis gedra. Hy betaal vir ons sonde.

Dit is hoe Jesus ons waardig kom maak om kinders van God te wees.

Wanneer ons verstaan wie ons nou in Christus is en wat Paasfees vir ons beteken, dan sal ons beseft dat dit nie meer nodig is om ander af te breek sodat ons goed kan lyk nie. Nee, Christus het Homself aan die dood oorgegee sodat ons verlos kan word. Ons is nou waardig.

Alleen wanneer ons verstaan wie ons nou in Hom is, sal ons die krag hê om ander se onreg teenoor ons te dra. Ons kan dit dra, want Jesus het al my onreg aan die kruis gedra!!!

Hierdie oordenking is opgeneem en kan by hierdie skakel afgelaai word: <https://youtu.be/rRaoQQPaLpU>